
# OOSTER-BEELD

Uitgawe 2
2013




Matriekafskeid
Revue
Prysuitdeling
Interhuis
Lentedans
en vele meer!




Hoek van Sonskyn-
en Suikerbekkiestraat
Sunward Park
1459

Tel: 011 913 1055 / 6

www.hsoosterlig.co.za
hsoosterlig@absamail.co.za



# UIT DIE HOOF SE PEN:



'n Prysuitdeling .... ai, nog 'n uur of wat wat 'n mens moet sit en luister waar name afgerammel word en 'n leerling 'n sertifikaat, 'n balkie, meriete, erekleure of 'n trofee ontvang. O... pyngedagte! Dit is die normale.

Hoe bevoorreg is ons nie by Oosterlig nie? Die is anders, baie anders.
Ek sien dat die Oosies oom Willem Cruywagen se wysheid te harte neem. "As 'n mens jou inspan om met die talente wat jy het net die heel beste te doen en te gee, kan niks in jou pad staan nie". Ek sien trotse ouers, trotse afrigters en baie spesiale kinders wat glimlag en blinkoog hul toekennings ontvang.

Ek sit en verluister myself aan prestasies wat 'n mondigwording van 'n skool iets spesiaals maak. Van gewone deelname, ligawenners, Beeldtrofeewenners en Provinsiale kleure tot SA-kleure. Veelsydigheid: sport, kultuur en akademie tot puik akademiese prestasies.

Dankie Oosies dat julle hierdie jaar iets besonders gemaak het! Ek laat jul met die gedagte van Leo Buscaglia:
"Jou gawes is jou geskenk van God – wat jy daarmee doen, is jou geskenk aan Hom."

Dit is lekker om een-en-twintig jaar JONK te wees!

# BRIEF VAN DIE REDAKTRISE



Toe ek klein was, seker so om en by 5 jaar oud, het iemand my die heel eerste keer gevra wat ek wil word as ek eendag groot is. Ek het mooi oor die saak nagedink en met 'n haasbekkie en rooi wange geantwoord: "'n Sangeres!". Hierdie beroepskeuse sou oor die jare verander van nar en prokureur tot modeontwerper en sielkundige.

Toe daar hierdie jaar, in my matriekjaar, aan my gevra is hoe my toekomsplanne lyk, kon ek egter 'n definitiewe antwoord gee. Dit het my laat dink dat dit nie eintlik ons keuse van beroep is wat verander nie, maar ons as mens self.

Ons verander van brandweermanne en prinsesse na dokters en ingenieurs.
Ons word groot, word mens en ons begin die hartseer en opgewonde realiteite van volwassenheid ervaar.

Soms gaan ons drome verlore en word dit vervang met nuwe, kleurryke werklikhede. Soms, met baie passie en inisiatief, word ons drome as fondasie gebruik vir 'n suksesvolle toekoms. Dit beteken egter nie ons hoef hulle OOIT te begrawe nie...

So, my liewe polisieman en my dierbare ballerina, ek wil jou uitdaag om uit te vind wie jy vandag wil wees, eerder as in die toekoms, want as jy weet wie jy vandag is, is al jou toekomsdrome binne jou bereik.

Totsiens Oosies en sterkte vir die pad vorentoe.

Groete
Arisa Janse van Rensburg







## Oosies en leiers saam op pad

*Sunette van der Walt*

*Daar is 'n Afrika spreekwoord wat sê: hy wat lei sonder iemand wat hom volg het eintlik maar net vir 'n stappie gegaan! Is dit nie waar van leierskap nie? Om voor te loop is maklik, maar om waarlik leier te wees het jy 'n groep nodig om saam met jou te stap.*

*'n Ware leier kan kommunikeer en ander inspireer. 'n Leier het die visie, passie en oorredingsvermoë om ander saam met hom te neem. Almal is saam op 'n missie; saam op pad na die einddoel. Wat 'n taak het 'n leier nie net nie!*

*Ons glo Oosterlig se nuwe span leiers is almal opgewasse om die staptog te lei.*

*Baie geluk aan die volgende nuutverkose leiers:*

**VOORSITTERS:**
*Eddie van Rooyen*
*Tané Mitton*

**ONDERVOORSITTERS:**
*Attie Jansen van Vuuren*
*Dean van den Berg*
*Liesl Theiss*
*Amoré van Baalen*



*Herby Alberts*
*Jacques Alberts*
*Ivan Besuidenhout*
*Armand Bouwer*
*Xander Cilliers*
*Ruaan Cornelessen*
*Calvin De Bruin*
*Dewan Erasmus*
*Ivan Jansen van Vuuren*
*Ruben Joubert*
*Rudi Lange*
*Dyllan Stone*
*Reinhardt van der Merwe*

*Rolanda Denner*
*Shanté Dreyer*
*Zantelle Erasmus*
*Aska Fourie*
*Lizelle Fourie*
*Nadia Greyvenstein*
*Anuschké Holtzhauzen*
*Cheney Jackson*
*Carla Jansen van Vuuren*
*Palesa Mahlaba*
*Antomarie Nel*
*Simoné Pienaar*
*Simoné Schalkwyk*
*Monice Stach*
*Odette Theron*
*Sunette van der Walt*
*Maritza van Niekerk*
*Bianca Vermeulen*
*Deonné Vermeulen*

*Mag elke Oosie wat die staptog meemaak 'n ongelooflike reis hê! Onthou, Oosies, stokke saam in 'n bondel, is onbreekbaar!*

## Oosterlig se eie sprokiesverhaal

Simoné Schalkwyk

**Eendag was daar 'n beeldskone jong onderwyseres en sy het haar weergawe van prins Sjarmant ontmoet, so het die liefdesverhaal geblom, tot die bittere teleurstelling van al die jong seuns in die Oosterlig koninkryk.**


**Die dag het finaal aangebreek wat die juffrou die hoofstuk van mej. Oakley sou toemaak en die volgende hoofstuk van mev. Bezuidenhout sou begin. Die storieboektroue met 'n letterlike literatuurtema het maande se beplanning geverg. Met die hulp van geheime feë is al die dékor met die hand gemaak. Op die groot dag was daar nie 'n droë oog tussen die 80 gaste, toe die paartjie hul beloftes aan mekaar lees nie.**

**Die sprokiestroue het byna seepglad verloop, en volgens tradisie was die bruid laat, gelukkig net 'n halfuur. Sy sê dat as sy een ding kon verander, sou sy meer geëet het die aand, alles het vir haar te vining gebeur. Toe die juffrou terugkeer van haar wittebrood, het sy bly voel asof 'n stuk van haar op die wit strande van Mauritius agtergebly het, nes Aspoestertjie se glasskoen. Sy sal beslis eendag moet terugkeer om dit weer te vind. Fluit-fluit my storie is uit, maar hul boek begin nou eers.**









## Uitblinker Ruiter

### Krystal-Lee Lange is 14 jaar oud en ryg klaar die rosette in!

Zantelle Erasmus





Sy het begin perdry op die ouderdom van vier en 'n half jaar en sy neem al vir agt (8) jaar perdryklasse in Alberton by Weltmeyer Stalle. Haar hoogtepunt in haar perdryloopbaan sover was toe sy Gautengklere verwerf het en die Nasionale klas gewen het. Toe sy haar eerste kompetisie gedoen het, het sy klaar soos 'n Olimpiese speler gevoel. Sy neem deel aan die volgende klasse:"Dressing, Show jumping, Equations en Eventing". Hierdie jaar alleen het sy aan die Internationals, Interskole Skoue, Junior Festival en nog vele meer deelgeneem en baie goed presteer! Sterkte vir die toekoms en ons Oosies staan bankvas agter jou met hope ondersteuning.

"Horses aren't my whole life… They just make my life whole".

## Oosies Kry Iets Nuut !!!

Anandie Potgieter

Die proefloop is verby!! Dit is amptelik, Oosies kan nou uiteindelik 'n permanente tweede pouse vanaf 2014 geniet. Die hele skool was op hol toe meneer Nel na vele gekerm en gekla aankondig dat daar 'n tweede pouse sou wees. Wat beteken dit vir Oosterlig: van nou af sal daar net eenmaal per week aantree wees, slegs op Woensdae, en die lang vervelige dae sal nie meer so lank voel nie, maar wel nog baie vervelig en natuurlik die ekstra tyd wat Oosies saam met hulle pelle kry is goud werd. Laastens, maar nie die minste nie, die feit dat die onnies 'n eksra koffiebreek weg van al die malligheid sal kan geniet, is beslis 'n voordeel. So Oosies en onnies, maak julle reg vir nog 'n "super" kort jaar vol vreugde, pret en nog meer gryshare !!!







## Bazinga Brainy's!

Amy Brits

**Baie geluk aan die Top 10 leerlinge. Hulle het 'kop-bo-water-gehou' gedurende die twee brein-boelie kwartale!**

### TOP 10 TWEEDE KWARTAAL 2013

#### GRAAD 8

| | |
|---|---|
| Marlise Viljoen | 92.89% |
| Carla Genis | 92.61% |
| Cassidy van Zyl | 90.47% |
| Franco Meyer | 88.43% |
| Tania de Bruyn | 88.09% |
| Deniël Steyn | 86.52% |
| Cassidy Brooks | 86.40% |
| Shannon de Jager | 85.91% |
| Sonica Pienaar | 85.60% |
| Lea Erasmus | 85.09% |

#### GRAAD 10

| | |
|---|---|
| Johan Gouws | 85.43% |
| Xander van Heerden | 84.14% |
| Zander J v Rensburg | 82.57% |
| Rainere Cilliers | 80.29% |
| Nicolé Noppe | 79.71% |
| Karlien Klynsmith | 79.57% |
| Cemé Spies | 79.29% |
| Alecia Vermeulen | 78.86% |
| Reinier Bothma | 77.57% |
| Nikita Topper | 76.14% |

#### GRAAD 9

| | |
|---|---|
| Francisca vd Merwe | 90.90% |
| André Klopper | 89.75% |
| Nerine Truscott | 89.10% |
| Carmen Taljaard | 88.39% |
| Devan Kriel | 88.32% |
| Amy Brits | 87.24% |
| Celine Ludik | 87.21% |
| Mia Erasmus | 86.44% |
| Nicole Boyens | 85.44% |
| Jan Bornman | 85.30% |

#### GRAAD 11

| | |
|---|---|
| Liesl Theiss | 88.43% |
| Sunette v d Walt | 84.14% |
| Tané Mitton | 83.29% |
| Shante Dreyer | 79.71% |
| Nadia Greyvenstein | 79.71% |
| Vickey-Ann Oosthuizen | 77.14% |
| Elizabeth de Klerk | 76.14% |
| Amoré van Baalen | 75.71% |
| Rolanda Denner | 75.43% |
| Dyllan Stone | 75.29% |

## GRAAD 12

| | |
|---|---|
| Marike Kanfer | 93.00% |
| Jaco Faber | 89.13% |
| Landré Herman | 86.71% |
| Johan Nel | 84.00% |
| Charmaine Buys | 83.00% |
| Werner Rossouw | 82.43% |
| Arisa Jv Rensburg | 81.71% |
| Vanblerk Havenga | 81.57% |
| Yolandi vd Heever | 79.80% |
| Ashley Sizer | 79.57% |
| Lea van Staden | 78.43% |

## GRAAD 9

| | |
|---|---|
| Celine Ludik | 92.16% |
| Francisca v d Merwe | 91.81% |
| Amy Brits | 90.59% |
| Carmen Taljaard | 90.40% |
| Nerine Truscott | 89.90% |
| Mia Erasmus | 89.29% |
| Devan Kriel | 88.10% |
| André Klopper | 87.93% |
| Ettiënne du Toit | 87.56% |
| Zander van der Merwe | 87.55% |

## GRAAD 11

| | |
|---|---|
| Liesl Theiss | 93.86% |
| Sunette van der Walt | 92.29% |
| Tané Mitton | 90.43% |
| Nadia Greyvenstein | 89.57% |
| Dyllan Stone | 88.86% |
| Amoré van Baalen | 88.29% |
| Elizabeth de Klerk | 84.57% |
| Carla Jansen van Vuuren | 84.57% |
| Xander Cilliers | 84.14% |
| Vickey-Ann Oosthuizen | 84.00% |

# TOP 10 DERDE KWARTAAL 2013

## GRAAD 8

| | |
|---|---|
| Carla Genis | 95.59% |
| Cassidy van Zyl | 94.44% |
| Marlise Viljoen | 92.24% |
| Franco Meyer | 90.89% |
| Lorinda Broodryk | 90.72% |
| Isabella Letlhake | 90.50% |
| Sonica Pienaar | 90.42% |
| Cassidy Brooks | 90.32% |
| Simoné Wiid | 89.55% |
| Deniël Steyn | 88.91% |

## GRAAD 10

| | |
|---|---|
| Johan Gouws | 93.86% |
| Nikita Topper | 90.71% |
| Xander van Heerden | 90.14% |
| Zander J v Rensburg | 88.86% |
| Cemé Spies | 88.43% |
| Rainere Cilliers | 88.43% |
| Karlien Klynsmith | 88.14% |
| Nicolé Noppe | 88.14% |
| Anton van der Merwe | 86.14% |
| Alecia Vermeulen | 85.00% |

## GRAAD 12

| | |
|---|---|
| Marike Kanfer | 92.71% |
| Jaco Faber | 90.71% |
| Landré Herman | 88.29% |
| Charmaine Buys | 85.43% |
| Johan Nel | 85.43% |
| Vanblerk Havenga | 84.00% |
| Arisa J v Rensburg | 83.00% |
| Leandri Badenhorst | 80.71% |
| Lynette Klynsmith | 79.43% |
| Yolandi van den Heever | 79.43% |










# Dance lê France

Zandri Smit

Op 13 September was die Oosies se jaarlikse lentedans met ons eie Franse tema.

Almal het geëet, gedans en hul gate uit geniet.
Almal se liggies het gevonkel en jy kon dit van ver af waarneem, net soos die Eiffeltoring.
Stylvolle kleredrag was oral te bespeur.

Die aand was 'n groot sukses en almal sien uit na volgende kwartaal se funksie.

# Pap en Pajamas!


Juffrou N. Dela Guerre

Pandemonium het losgebars in Boksburg se verkeer op Woensdagoggend, 30 Oktober 2013. Die rede? Pap en pajamas by Hoërskool Oosterlig.


In haar pajamas met haar slaapteddie skeef op die rug en pantoffels aan haar voete, vleg 'n Graad 11-Oosieleerder deur die oggend-spitsverkeer. Die motoriste trap rem, loer met nuuskierige oë na die spektakel op haar bromponie. Japonpunte wapper in die wind en sy gee gas terwyl die res van die verkeer byna tot stilstand kom.

Waarheen nou gehasie? Natuurlik na die Oosies se reuse liefdadigheidsfondsinsameling met die tema: "Pap en pajamas." Elke Oosie en onnie het in hul slaapklere skool toe gekom en rondom 'n tafel saam met vriende ontbyt genuttig. Gasvrouens en gashere het uitgehang met keurig gedekte tafels.

Fondse wat op die manier ingesamel is, gaan vir behoeftige gesinne. So dra elke Oosie by om die gemeenskap op te hef, veral die komende feesseisoen rondom Kersfees.







# FLOWER POWER

Caroline Herron

Op 6 September het Oosterlig lentedag gevier! Ons Oosiefamilie het die nuwe seisoen op die ou manier herdenk met die tradisionele gewone kleredag en 'n vrolike lentedans.

Die Oosies het weereens gewys hoeveel ons kan doen – maak nie saak watter seisoen nie! Die Geografie-leerders het húlle lentedag met 'n uitstappie na die hoë wolkekrabbers van die Goudstad gevier. Die debutante het gedurende 'n lekker, lang pouse die skool vet gevoer met allerhande soorte lekker happies – almal het die gesels en etery baie geniet!

Ons matrieks het hulle lentedag gevier met 'n nuwe seisoen wat hul toekoms sal bepaal: die rekordeksamen.

Oosies het beslis gewys "flower power" beteken al die energie en vrolikheid van 'n kleurvolle lente.





## Onnies kook 'n storm los vir Liefdadigheid

Bianca de Klerk

Op 11 Oktober 2013 het die ATKV-span en agt onderwyserspanne saamgetrek en aan die ATKV kookkompetisie deelgeneem. Smullekker disse met oorspronklike name en oulike slagspreuke is opgetower om die skool se top-kokke te kroon. Die kompetisie tussen die onnies wat vol entoesiasme mekaar uitgedaag het, was streng.

In die derde plek was die dames van die Engelse department met hulle soet "slushpuppy". In die tweede plek was ons vorige wenners, mnr. Jan en mnr. Kloppers. In die eerste plek was Oosterlig se bobaas kokke, mnr. Nel en mnr. Bradford! Hulle is weer die trotse eienaars van die groot trofee.

Alle fondse word vir liefdadigheid aangewend. Oosie-onnies kook in Afrikaans!









## TOERISME TOER NA KNYSNA

Danielle de Bruyn



Op 22 September vertrek Juffrou Nel met 25 geesdriftige Oosies op die Knysnatoer.

Hierdie groep Oosies besoek vele geskiedkundige geboue, durf 'n aantal uitdagende aktiwiteite aan en eet elke aand in 'n "fênsie" restaurant.

Die bus se eerste stop is Nieu-Bethesda se Uilhuis en die Vallei van Verlatenheid. Die Oosies – en juffrou Venter- durf die Tsitsikama "zip-line" aan. 'n Besoek aan Monkeyland en Birds of Eden is met 'n toergids meegemaak. In Knysna Olifantpark steel 'n paar groot voete die Oosies se harte en die Oosies vaar op 'n veerboot oor die lagoon. Die Diazmuseum in Mosselbaai word besoek en die toergroep neem 'n bootrit na Seal Island. Die toer word afgesluit met 'n besoek aan 'n volstruisplaas. Hier het die Oosies volstruise gevoer, gedruk en ook gery. Die koring is met behulp van die langnek voëls van die kaf geskei toe die dames vir die manne wys hoe om jou sit te sit op die ongewone vervoermiddel.


Die lang rit huis toe was stil. Elke Oosie het besin oor die dinge van hul land wat hul geleer het, die nuwe vriendskapbande wat gesmee is, die plekke wat hul besoek het en die dinge wat hul Oosie-harte sommer weer warm laat klop het.

Op 28 September arriveer die toerbus weer veilig by die skool. Daar was nie tyd om te verlang nie, juffrou Nel en haar span het die Oosies vir 'n hele week konstruktief besig gehou. Dit was voorwaar 'n week om in berekening te bring. Juffrou Nel – dankie vir u tyd, u liefde en u geduld. U is voorwaar 'n bron van kennis waaruit elke Oosie leer.

## Die Manneaand

Amore van Baalen





Op 4 Oktober het die tiende Oosterlig Manneaand plaasgevind.

Die gasspreker, Nico Nel, het selfs gewag dat die jong dames wat die borde moes uitdra eers klaarkry. Nico het op 'n eg Tolla, eg Afrikaanse manier, die manne geleer tel, geografiese inligting weergegee en gepraat net soos mans met mekaar kan praat.

Die veiling was weereens 'n hoogtepunt. Sebastiaan Vettel se helmet is verkoop. "All Blacks"-truie is teen weggee-pryse verkoop.

Tussendeur is die manne getrakteer op kos uit die boonste rakke. Die manne het geëet en geëet en nogmaals geëet. In eg Oosie tradisie het die tiende manneaand aan al die verwagtinge voldoen. Welgedaan aan Mnr Van Vreden en die organiseerders, ons kan nie wag vir die volgende manne - manne - manneaand nie!

# Matriekafskeid

Danika Botha

"Dress to impress" vir die laaste keer in Oosieland. 4 jaar en 9 maande is verby. Vir oulaas daag die matrikulante spoggerig op by die matriekafskeid.


Wanneer die jong manne en dames die rooi tapyt betree, flits kameras om die glansryke uitrustings en mooi glimlagte vas te vang.

Die personeel van Thabong het hulself oortref: die saal was pragtig versier en die buffet smaaklik! Yolandi van den Heever, hoofdogter 2013 en Jaco Marais, hoofseun 2013, groet hul medesterre en bedank die onderwysers wat die reis met hul meegemaak het. Na al die verrigtinge afgehandel is, is die dansskoene aangetrek en die dansvloer geopen soos nét Oosies kan.

































*Oosterlig bied aan...*

# Revue 2013!

*Zirkia van der Mescht*

***Ons sê... dit was fantasties! Kleurvol, mooi, asemrowend, betowerende stemme... dít is die woorde wat die produksie beskryf. Na drie weke se harde werk en ure se oefen, is baie verrassende onthullings gemaak. Liedjies soos: " Things my father said, Issie Lussie, The climb, You're the voice, Apie, Stop die wêreld en As die gordyn val," het baie goeie vermaak verskaf. Die deelnemers het gedans en gesing en gesorg vir die volle aandag van die gehoor! Die kostuums was voorwaar iets vir die oog en die choreografie het die gehoor op die punt van hulle stoele gehou.***

***Uitmuntende solo's is deur die volgende stemme gelewer: Leandri Engelbrecht, Tané Mitton, Antomarie Nel, Odette Theron, Simoné Schalkwyk, Madelene Slabbert, Johan Nel, Reeco Roets, Xander Cilliers, Willis Engelbrecht, Chris Erasmus, Devan Kriel en Ruwin Terblanche. Oosterlig kan omtrent spog met meer as 'n handvol engelstemme!***

***Dít was 'n trotse geleentheid.***

## Ons sê:

***Elkeen het 'n opinie***
***Elkeen kan 'n verskil maak***
***Musiek maak ons nederig***
***Musiek verander mense...***

***Ons het gekyk! Ons het geluister! Geluk met die beste – net soos 'n Oosie dit doen...***






























# Oosies word bekroon

Xander Cilliers

Op 15 Oktober het 'n groep Oosies in hulle praguitrustings op die planke verskyn om die nuwe Meneer en Mejuffrou Oosterlig te kroon.

Die glansaand het afgeskop met ons eie mevrou Bredenhand en die pasgetroude mevrou Bezuidenhout wat in hul pragtige trourokke gepronk het. Volgende op die planke was die juniors. Die pragtige Charlize Coetzee (tweede prinses), Nerine Truscott (eerste prinses) en Maryna Pelser (Mejuffrou Oosterlig Junior) is bekroon. Onder die manne was dit Kyle Els (tweede prins), Dyllan Lang (eerste prins) en Anroux Bezuidenhout (Meneer Oosterlig Junior) wat die kroon dra.

Die seniors het met styl, prag en prada hulle debuut op die verhoog gemaak. Elizna Style is aangewys as tweede prinses, Deonne Vermeulen as eerste prinses en Anzel Coertzen as Mejuffrou Oosterlig 2013. Die wenners onder die senior manne was Wian Fouché as die tweede prins, Michael Muller as die eerste prins en Xander Cilliers as 2013 se Meneer Oosterlig.

Die aand is afgesluit met die tradisionele manne-veiling. Voorwaar is Oosterlig se manne nie goedkoop nie en moes die dames uithaal om 'n afspraak saam met hulle droomman te verseker. Fondse wat by hierdie veiling ingesamel word, dra by tot die debutantefonds.

Meneer en Mejuffrou Oosterlig is 'n tradisie wat al vir 21 jaar met die Oosies saam kom. Opregte dank word aan die organiseerders opgedra vir die harde werk en bereidwilligheid om hierdie projek te maak werk.

# LIGTE, KAMERA, AKSIE!!

Nerine Truscott

Die rooi tapyt is uitgerol en reg vir 'n skitterende aand. Die Dramaklub het op 20 September by Little Nero's saam gekom om van die matrieks afskeid te neem. Dit was een "shocking" aand met al die neonklere en ligte.

Dit sal die laaste keer wees wat die matrieks, by die drama, in die kollig sal wees. Almal het hul kameras reg gekry om die aand vir ewig te kan onthou. Na baie toesprake oor wat die matrieks vir die res van die Drama klub beteken het, is daar omtrent trane gestort.

Daar was nie net trane nie, maar ook aksie! Almal het lekker saam gekuier. Daar's ook gedans dat dit gelyk het of die vloer wou ingee.

Teen die einde van die aand het almal met 'n glimlag huis toe gegaan en hulle sal nie sommer die aand vergeet nie. Die matrieks sal nie vergeet word nie, want diep voetspore is in hul harte en ook die Dramaklub getrap.

Die Dramaklub weet hoe om fees te vier!

# 'n Waansinnige warboel

Arisa Janse van Rensburg



Wat noem 'n mens 'n klomp malgat, sosiaal verwerpte, luidrugtige, verbeeldingryke en soms doodeenvoudig vreemde mense in een groep? Antwoord: Uitgeworpenes of te wel Hoërskool Oosterlig se Dramaklub matriekgroep van 2013.

Hierdie ses leerders het, tesame met hul flambojante en kleurryke regisseurs Kobus Botha en juffrou M. Koekemoer, hierdie jaar die toneelstuk "Die Uitgeworpenes" aangepak wat basies handel oor 'n klomp sielsiekes, in 'n sielkundige se spreekkamer, wat van die skoonheid van moederaarde ontneem is en geen kleur meer kan sien nie. Met skerp en pittige humor was hierdie toneelstuk beslis 'n wenner.



Tog bring dit 'n tikkie hartseer daarmee saam: Die groet van ons ses matriekakteurs – en aktrises.

Julle los 'n groot leemte in die Dramaklub en sal werklik gemis word.

Wat noem 'n mens 'n klomp eksentrieke, kleurvolle, snaakse en soms onverstaanbare mense in een groep? Antwoord: Legendes.

# HOËRSKOOL OOSTERLIG SE VLAG WAPPER OP KILIMANJARO

Hoërskool Oosterlig se vlag het vir 'n tweede keer op Kilimanjaro gewapper en terselfdertyd borskankermaand ondersteun!

Ouers van Hoërskool Oosterlig is bestuurslede van die "Pink Peaks" -organisasie wat fondse vir die "Breast Health Foundation" insamel. Hulle het gedurende Oktobermaand Kilimanjaro uitgeklim ten bate van borskankermaand - Hoërskool Oosterlig se vlag is weer saamgeneem en op Kilimanjaro geplant!

Hoërskool Oosterlig is trots om as borg vir die organisasie op te tree en het van die geleentheid gebruik gemaak om hierdeur ons ondersteuning en dankbaarheid te betoon aan mense wat sulke uitstekende werk doen en sodoende uitreik na ander wat deur kanker geraak word.

Hoërskool Oosterlig spog met 'n pragfoto van die skoolvlag op die Kilimanjaro!

Ons is dankbaar dat die lede van "Pink Peaks" met ons vlag teruggekeer het. Ons glo dat ons skool deur positiewe optrede en prestasies tuis, nes die vlag op Kilimanjaro tot hoër hoogtes aangespoor sal word.





# Geografie-Uitstappie

Inge Hauptfleisch

Die graad 10- en 11-leerders het in September 'n uitstappie onderneem na:

Die Universiteit van Johannesburg, waar 'n lesing aangebied is oor Geografiese inligtingstelsels. Die lesing is aangebied in samewerking met die Stadsraad van Johannesburg en ook ESRI. Esri is 'n Internasionale maatskappy wat Geografiese inligtingstelsels ontwikkel. Hierdie stelsels word op baie terreine benodig en gebruik.

Leerders kon eerstehandse kennis opdoen oor die werking van GIS –'n werkstasie (rekenaar) is aan elke leerder toegeken vir die volle duur van die lesing, waar ons kans gekry het om GIS vir onsself te beleef.

Hier het ons ook besef wat die waarde van GEOGRAFIE as vak is, veral in die lig van nuwe noodsaaklike beroepe vir die toekoms. Ons het ook besef dat GIS nog in sy babaskoene in Suid-Afrika is en dat hierdie beroepsrigting deesdae teen 'n tempo groei.

Die tweede deel van die uitstappie was na die hoogste gebou in AFRIKA, naamlik die Carltongebou wat 50 verdiepings hoog is. Hier was dit moontlik om Johannesburg en die ontwikkeling daarom te kon waarneem en ook die verskille in ontwikkeling in die omgewing te sien en ons het ook geleer om dit te verklaar.

Mev. Herman en mnr. Bradford het deurlopende kommentaar (soos toergidse) gegee, terwyl die busse deur die hoofstad van Gauteng beweeg het. So kon ons die verskillende areas beskou.

Die geografie-uitstappie was vele pret, gevul met interessante inligting en feite, asook waardevolle geleenthede waar ons kans gekry het om die teorie en die werklikheid bymekaar te bring.

Geografie –'n leerarea vol geleenthede!









## 'n Suksesvolle vlug vir ons Kultuur- en Sportarende

Marlise Viljoen

'n Jong arend oefen sy vlerke elke dag, hy beplan en berei voor om die perfekte vlug te neem en op 'n dag is sy vlerke sterk genoeg en met wydgespreide vlerke vlieg hy moeiteloos hoog in die lug, sy harde werk het hom sukses laat behaal.

Dit was die boodskap van die gasspreker, mnr. Philip Brand, aan elke graad 8 en 9 Oosie wat beloon is tydens die Sport- en Kultuur junior prysuitdeling op 9 Oktober 2013.

Verskeie balkies, meriete- en erekleure asook trofees en medaljes is tydens die spoggeleentheid toegeken. Atletiek, hokkie, rugby, tennis, netbal, gholf, sagtebal, gimnastiek, ruiterkuns, jukskei, krieket en vegkuns is van die vele sporte waarin leerlinge uitgeblink het. Op kultuurgebied is leerlinge beloon vir redenaars, drama en kunswedstryde wat sang, instrumentaal en kuns insluit.
Ons skool spog ook met suksesvolle entrepreneurs, wel gedaan!

**Spesiale toekennings is deur mnr. Van Vreden gemaak:**

**Suid-Afrikaanse kampioenskappe in vegkuns:**
Juan Lopez en Mariaan van Staden

**Suid-Afrikaanse kampioenskappe in gimnastiek:**
Carla Brits en Vian Marais

**Sportvrou van die jaar:**
Krystal-Lee Lange

**Mees veelsydige leerder Graad 8:**
Bella Lekato

**Mees veelsydige leerder Graad 9:**
Nerene Truscott

Wel gedaan aan elke arend wat sy vlug suksesvol voltooi het!

## *En die oscar gaan aan...*

Tayla Smit

Tydens die jaarlikse senior prysuitdeling is talle talentvolle Oosies vir al hulle harde werk beloon.
Die saal was propvol ouers wat kom kyk het hoe hulle bloedjies 'n prys of twee ontvang.
Van die sportvelde tot diegene wat uitblink in akademie is vereer.
Baie geluk aan elke leerder wat 'n prys ontvang het.

Dit is ook die tyd van die jaar waarvoor almal gewag het:
Die hoofleiers van 2014 is ook tydens die glansgeleentheid aangewys.
Die Oosies het soos volg gestem:
Hoofseun: Eddie Van Rooyen
Hoofdogter: Tané Mitton
Onderhoofseuns: Dean van den Berg en Attie Jansen van Vuuren
Onderhoofdogters: Liezl Theis en Amore van Baalen



Baie geluk! Ons weet julle gaan julle uitstekend van julle taak kwyt.

## Matriekafsluiting

Bianca Vermeulen

Die oggend van 14 Oktober was 'n bittersoet oggend vir die matrieks van 2013. Dit was hulle laaste amptelike saalopening in Oosterlig. Die dag dui die begin van 'n nuwe toekoms aan.

Die res van Oosterlig sal julle merkwaardige groep leerders onthou vir julle gees, entoesiasme, leierskap en voorbeeld wat julle gestel het.

Dit was vir ons almal 'n groot voorreg om julle te ken.
Ons wens julle alle sterkte toe vir die toekoms.

Vertrou op die Here, ken Hom in alles wat julle doen en julle sal altyd suksesvol wees.

Carpe Diem.

# Atlete terug op die baan

Rolanda Denner & Simoné Pienaar

18 Oktober! Ja, dit was weer tyd gewees vir Oosterlig se jaarlikse Interhuis. Hier op ons eie velde het stof en sweet behoorlik gespat toe ons Oosie-atlete deegeneem het. Na al die harde oefening en tydopoffering is die finale spanne vir Atletiek 2014 uiteindelik gekies.

Die dirigente was behoorlik uitgeput nadat hulle "Stukkie van der Merwe" oor en oor moes dans en boonop al die "sexy hoenders" in Oosie-land moes uitken
Ons hoogtepunt van die dag was toe die pom-pom span aangekondig is as die geesspan van die dag!

Baie geluk aan al ons spanne, ons weet jul sal ons trots maak!







# Graad 10-Lewenswetenskappe Gaan Kuier Vir Mev. Ples

Het jy al gewens jy kon in 'n tydmasjien klim en jouself terug "zap" na die steentydperk? Het jy al van 'n grot as woning gedroom, met reuse rotsgange en klip kamers? Of sou jy graag vir mev. Ples as jou beste vriendin wou hê?

Vir die graad 10-lewenswetenskappe-groep was hierdie fantasie vir een dag 'n realiteit. Op 17 Oktober 2013 het 43 entoesiastiese Oosies saam met me. Van Vreden, mnr. Van Rensburg en oom Piet as busbestuurder gaan kyk wat by Maropeng en die Sterkfonteingrotte te sien is. 'n Bootrit deur tyd is by Maropeng geneem, van bibberende sneeu tot lawa, rotsverskuiwings en ligtonnels. Baie interessante uitstallings van fossiele, die vroeë mens en tegnologie het gesorg vir nuwe kennis en groot pret.

Tydens die begeleide toer by die sterkfonteingrotte is me. Van Vreden se senuwees klaargemaak toe die avontuurlustige seuns wou sien of mens regtig in die grotte kon verdwaal. Mev. Ples en "Little foot" se lêplek is onder andere besoek.

Die graad 10's het met hope inligting en foto's teruggekom.
Dit sal beslis met die leerwerk help.

# Pom-pom skoonmakers vee skoon

**Nuwe besems vee skoon!**

**Liewe Heksie het op 5 Oktober haar moses teëgekom tydens die pom-pom inlywingseremonie!**

**Die nuut-verkose rasieleidsters het 'n volledige sweterige oefensessie voltooi in swart sakke. Daarna het hulle begin bloed sweet toe die sports begin – boeresport. Die meisies het geklee as skoonmakers 'n proteïeninspuiting gekry. Eiers en boeresport gaan mos hand-aan-hand. Die sweetsessie het 'n hoogtepunt bereik met die tradisionele "Cucumber Sunrise". Vir die afgelope twintig jaar word elke nuwe pom-pom meisie ingelyf met 'n heerlike komkommer-en-brandsous happie om seker te maak dat sy die vuurproef kan deurstaan.**

**5,6,7,8…**
**"Lekker huil, lekker lag" –**
**2014 se pom-poms gaan die opposisie van die veld afvee!**





# NETBAL TOERNOOI

Shante Dreyer

Gedurende die Junie vakansie het Maritza van Niekerk en Monique le Roux aan die Nasionale netbaltoernooi van 0/19 en 0/21 in Emalahleni deelgeneem. Hiedie toernooi het sewe dae geduur en Maritza en Monique het agt wedstryde gespeel. Elke oggend was die twee al ses-uur op en wakker, reg vir 'n lang dag op die baan. Met die laaste wedstryd moes Maritza van die baan afgaan. Hulle het met 'n paar punte verloor en het 'n sesde plek behaal. Hulle het ook die Ekurhuleni Gauteng 0/21-span gehaal. Welgedaan meisies! Hou so aan! Ons Oosies hou julle dop.

Van links: Monique Le Roux ; Maritza van Niekerk

# DIE OOSIE-BOM!

Eddie van Rooyen

Sonder enige twyfel kan daar gesê word dat die rugbyspanne van Hoërskool Oosterlig iets is om op trots te wees. Vier van Oosterlig se rugbyspanne, die O/14's, die O/15's, die tweedespan en die eerstespan, dring deur na die Beeldtrofee Kwartfinale. Op 3 Augustus 2013 word die kwartfinale op Hoërskool Oosterlig se tuisgronde gehou en drie van die vier spanne dring deur na die Beeldtrofee Semifinale.

Die O/14's dring deur na die Beeldtrofee Finale op 24 Augustus. Hierdie manne trotseer Ben Viljoen op hulle tuisgronde. Reeds in die eerste paar minute het die stadsjapies gewys dat hulle die legendariese sport verstaan. Nadat die stof op die veld uiteindelik gaan lê het, speel die spannetjie gelyk-op met hul teenstaanders en die Beeldtrofee sal hierdie jaar om die helfde by Oosterlig en Ben Viljoen staan.

Met die mondigwording van Oosterligrugby, is daar geskiedenis gemaak. Die opwindende rugbyseisoen is op 'n hoogtepunt afgesluit.











# Langasems druk deur

Amore van Baalen

**Die Oosie-langasems het deur die winter geoefen en was reg vir die landloopseisoen. Daar was 4 ligabyeenkomste waar die Oosies die langpad met ywer en durf aangepak het. Die Oosies het hulle beste gegee en hul harte uit gehardloop. Hulle het voorwaar die vrugte van hul harde werk gepluk.**

**Daar het 9 Oosies gekwalifiseer en aan die Distrik- kampioenskappe deelgeneem. Amore van Baalen en Simone Pienaar het Oosterlig verteenwoordig by die Gauteng kampioenskappe.**

**Ons is trots op elke Oosie-langasem. Sterkte vir dieatletiekseisoen wat voorlê!**








# *Pen, pen-lê of skof*

Zandri Smit

Gedurende die derde kwartaal het Oosies aan verskeie jukskeiliga-wedstryde deelgeneem en die volgende uitslae is behaal:

0/19 A seunspan het silwer toekennings behaal.
0/19 A dogterspan het saam met die 0/19 B seuns brons toekennings behaal.

Die jukskei uitblinkers van hierdie jaar was :
Xander van Heerden
Carlo Human
Johan Botha

Baie geluk !

# BULLETPROJEK

Liesl Theiss

Die spoeg spat, tande word gekners en die kompetisie is warmer as 'n eindwedstryd tussen die "Bokke" en die "All Blacks"! Hierdie vuurwarm meting van kragte vind plaas in 'n intense netbalwedstryd tussen die Onnie Patrollie en die gerugte Pink Divas op Bulletdag.

Hierdie is die dag waar jy meneer Nel se berugte netbalvaardigheid kan sien. Dis net voetfoute, intense konsentrasie en erge kontak. Hy speel netbal net soos hy die stoute seuns in die sportkantoor aanpak... met vúúrwarm entoesiasme! Mnr. Van Vreden red die dag met sy wendoel en die manne wys behoorlik spiere op die rugbyveld.

Hierdie is Oosie-land se berugte Bullet Projek. Dit is 'n inisiatief wat deur twee matrikulante in 2010 begin is om fondse in te samel om misdaadslagoffers in ons omgewing finansieel te ondersteun.

Op Saterdag – 19 Oktober 2013 – het ons die dag met hope ywer en entoesiasme aangepak. Dit was 'n dag van son, musiek en sport... en natuurlik hope pret! Die 16 rugby- en netbalspanne het ons behoorlik verras met hulle kreatiwiteit. Daar was die vreesaanjaende Zombie Girls wat ons ordentlik laat wakker skrik het. Hulle beserings, geskeurde klere en vuil lywe het ons hare behoorlik laat rys. Die Visplakkies het aan netbal 'n nuwe dimensie gegee en met hul swemringe, vlerkies en snorkel-brille die baan regtig gedomineer!

Dan was daar nog die kreatiewe Oosies met spanne soos "Die Span", "Net-bal" en die "Fire Breathing Rubber Duckies"! Die rugbymanne het ook met name soos "Die Bliksemstrale" en "Disciples" hulle "spiere" gewys en al wat meisie is behoorlik laat juig.

Geluk aan die "Disciples" rugbyspan en die "Onnie-Patrollie" wat – alweer - met die bekers as algehele wenners weggestap het. Laaste (maar nie die minste) aan die Oosie Tigers wat die geesbeker gewen het!

Dankie Oosies vir 'n skreeusnaakse, prettige Bulletdag!





















## Die storie van blou liefde
### Die Bulletprojek

Liesl Theiss

Die woord liefde is 'n uitgetrapte cliché en wek dadelik beelde op van 'vlinders in jou maag'; rooi hartjies, soene in die maanlig en 'n gevoel van verliefdheid wat jou soos weerlig tref. Hierdie liefde is intens, rooi, onverklaarbaar en bestaan uit 'n kookpot emosies.

Maar daar is ander liefde, wat soms stilweg verdwyn onder al die liefdesbriefies; romantiese Valentynsaande en die warm spel van voetjie-voetjie onder die Wiskundebanke. Hierdie liefde is stil en word dikwels vergete in jou onderbewussyn gelaat. Dit veroorsaak dat hierdie liefde onderskat word en dat meeste mense net die stille waters raak sien en 'n diepte in die liefde mis. Dit is nie luid en onwispelturig nie, en ook nie so róói nie, maar eeder 'n blou-blou see wat ondeurgrondelik diep is. Hierdie liefde is die liefde van 'n hegte vriendskap.

In 2010 het hierdie liefde Oosterlig vir altyd verander.

Misdaad het twee van ons Oosies se lewens verskeur. Die koeël van misdaad het deur hul lewens gekloof en dit met pyn, verlies en hartseer gevlek. Ten midde van die verwoesting het die liefde van ware vriende stadig, stilletjies te werk gegaan. En omdat sulke vlekke nooit uit die kleed van ons lewens gewas kan word nie, het liefde – soos net liefde dit kan doen – iets onverwags gedoen: nie die vlekke geskrop of uitgebleik nie, maar hulle eenvoudig, stadig maar seker, bedek in nuwe kleure en so die kleed van hul lewens 'n kunswerk gemaak van blou.

So is die Bulletprojek gestig. Om te sorg dat families wat deur hierdie pyn geraak word, 'n veilige hawe in Oosterlig kan vind. Die projek dien as 'n plekkie van rus waar hulle weet dat hierdie stryd nooitalleen aangepak word nie, en as versekering dat die hand van liefde hulle sal dra.

So gaan liefde elke jaar stilletjies te werk. Dit sal nooit die herrineringe, pyn of verlies weg vat nie, maar liefde het die unieke vermoë om lewens in die mooiste skakerings van blou te verf.

**Designed and Printed by:**
**Print 2000 - 011 893 3255**